Nuwe modelle

Dis Tata-stormloop

Indigo GSX wil duik maak in 'kleinsedan'-mark

Leo Kok

Tata is behoorlik lus om die motormark storm te loop en sy nuwe Indigo GSX getuig hiervan.

Dié model sal die duurste weergawe in die Indigo-reeks wees en sal luukshede soos leersitplekke, twee lugsakke, ABS-remme en sentrale sluiting bied. Dit alles teen R114 995.

Die prys is beslis indrukwekkend, veral indien 'n mens heel onderaan die lang lys bykomstighede kyk en lees dat die Indigo GSX ook 'n DVD-speler met klein skermpies agter die twee voorste kopstutte bied.

Tata glo hierdie lys luukshede, teen 'n paar duisend minder as die goedkoopste Yaris-sedan, sal hom in staat sal stel om 'n duik te maak in die "kleinsedan"-mark wat tans oorheers word deur einste Toyota. Sy groot wapen is dus heelwat bykomstighede teen 'n bekostigbare prys.

Om sy mikpunt te haal, is die Indigo se voorkoms effens opgeknap, met kantskorte, chroomstroke aan die kante en voorste misligte, en is daar heelwat veranderings onder die vel aangebring.

Tydens 'n bekendstellingsrit buite Pretoria was dit die ongesiene veranderings wat die meeste beïndruk het. Die Indigo skep beslis nog nie die soliede gevoel van motors soos die Yaris of Kia Rio nie, maar is al merkbaar stiller en meer solied.

Tata het ook hard probeer om 'n luukse kajuit te skep en daar is 'n tweekleur-instrumentpaneel en analoog-horlosie in die middel van die paneelbord.

Ongelukkig pla die effens asemlose 1,4 *t* viersilinder en buitensporige windgeraas nog.

Die viersilinder enjin, met petrolinspuiting, is reeds 'n ou bekende in die Tata Indica en Indigo-reekse en lewer 63 kW teen 5 500 r/min en 115 Nm teen 3 000 r/min. Die enjin is gekoppel aan 'n vyfgang-ratkas wat taamlik gereeld gebruik moet word om die motor op spoed te hou.

Tata glo egter dat baie stadsmense hul sommetjies sal maak en eerder sal mik vir 'n motor met meer luukshede en hier bied hy beslis meer as ander motors in die segment.

Volgens Tata hoef die Indigo net elke 20 000 km versien te word en word hy verkoop met 'n 45 000 of tweejaar-diensplan. Hy beplan ook om 80 handelaars teen die einde van die jaar in Suid-Afrika te hê.

■ Die Indigo GLX (R104 995) bied ook nou twee voorste lugsakke. Die groep beplan om 'n dieselgedrewe luukse model oor twee maande bekend te stel.

Hierdie model sal as die Tata Indigo DSX bekend staan.

Misligte voor, kantskorte en heelwat luukshede binne onderskei die nuwe Indigo, en spesifiek die GSX-model, van die vorige weergawe.



Tata het in Junie vanjaar die mark op hol gehad deur te sê hy wil 'n motor vir minder as R60 000 na Suid-Afrika bring.

Hierdie motor, wat op die vorige weergawe van die Indica geskoei is, sou Suid-Afrika se goedkoopste nuwe motor wees.

Die groep het nou die eerste weergawes van hierdie motor, wat waarskynlik as die Tata B-line (*"base line"*) bekend sal staan, amptelik aan die media gewys. Ongelukkig kon die groep nie die verswakking in die rand baasraak nie en gevolglik sal hy R65 995 kos.

Tata Suid-Afrika sê die motor sal verkoop word met kragstuur en 'n diensplan van 45 000 km of twee jaar en as sodanig sal dit die beste waarde in dié goedkoop segment bied.

Teen net minder as R66 000 is dit in ieder geval die tweede goedkoopste motor naas die Chevy Spark.

Volgens Tata sal die motor toegerus word met dieselfde 1,4 *t*-viersilinder as wat op die huidige Indica en Indigo-modelle beskikbaar is. Die eerste modelle sal voor die einde van September by die handelaars wees.



'n Ongewone bykomstigheid is die DVD-speler en ingeboude skermpies in die GSX-model. Dié model bied ook leersitplekke.